

KENNISGEWING VAN 'N OMVANGS- EN OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE ONTWIKKELING VAN 'N VULLISTERREIN (KLAS B) EN GEASSOSIEERDE INFRASTRUKTUUR WAT OP DIE RESTANTE VAN GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS MELK SPRUIT NR. 12, WALTER SISULU PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, IN DIE OOS-KAAP PROVINSIE

Kennis word hiermee gegee van 'n gesamentlike openbare deelnameproses ingevolge Regulasie 41(2) van die Omgewingsimpakstudie (OIS) Regulasies van 2014, gepubliseer in Goewermentskennisgewing R982, soos gewysig deur GNR 326 (07 April 2017), ingevolge Artikel 24(5) van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, Wet 107 van 1998 (NEMA), en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalbestuur, Wet 59 van 2008 (NEMWA).

Rambuda Consultants (Pty) Ltd is aangestel ingevolge OIS Regulasies 12(1) deur Imbawula Civil Projects (Pty) Ltd (namens Walter Sisulu Plaaslike Munisipaliteit) as die Onafhanklike Omgewings Assesserings Praktisyn om die Omvangs- en Omgewingsimpakstudie uit te voer ten einde 'n Geïntegreerde Omgewingsmagtiging en Afvalbestuurslisensie vir die voorgestelde ontwikkeling van 'n Vullisterrein (Klas B) en geassosieerde infrastruktuur op die Restante van Gedeelte 1 van die Plaas Melk Spruit Nr. 12, Walter Sisulu Plaaslike Munisipaliteit, Joe Gqabi Distrikmunisipaliteit, Oos-Kaap Provinsie, te bekom.

Projekbeskrywing en Ligging

Die voorgestelde projek behels die ontwikkeling van 'n nuwe Klas B Vullisterrein, met alle geassosieerde infrastrukture (insluitend vullisselle, herwinnings-/sorteringsfasiliteit, toegangsroetes, toegangsbeheer-/sekuriteitshuis, ens.). Die sentrale koördinaat van die voorgestelde projek is 30°41'27.97" S 26°39'46.43" E (voorkeurterrein). Twee (2) alternatiewe terreine word ook oorweeg: Alternatief 01 (30°42'23.02" S 26°40'19.59" E) en Alternatief 02 (30°42'27.27" S 26°39'27.81" E). Al drie terreine is op dieselfde plaas geleë.

Geïntegreerde Omgewingsmagtiging (Afvalbestuurslisensie en Omgewingsmagtiging)

Die voorgestelde ontwikkeling aktiveer NEMWA-gelysde afvalbestuursaktiwiteite vir Kategorie B (Aktiwiteit 8 en 10) en A (Aktiwiteit 3) (Goewermentskennisgewing Nr. 921 in Staatskoerant Nr. 37083 van 29 November 2013, soos gewysig), sowel as Gelysde Aktiwiteite Nr. 27 en 28 van Lyskennisgewing 1 van die OIS Regulasies van 2014, soos gewysig deur R327. 'n Omvangs- en Volledige Omgewingsimpakstudieproses sal gevolg word vir die aansoek.

Uitnodiging tot Deelname

Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (BGP's) word uitgenooi om kommentaar in te dien en/of hulself op die projekdatabasis te registreer. Stuur asseblief u naam, kontakbesonderhede en enige kommentaar aan die kontakpersoon hieronder aangedui. Geregistreerde BGP's sal in kennis gestel word van verdere geleenthede om kommentaar te lewer op relevante dokumente en van die finale besluit van die Bevoegde Owerheid.

Deur as 'n belanghebbende te registreer, gee u toestemming aan Rambuda Consultants (Pty) Ltd en die Bevoegde Owerheid om u persoonlike data (insluitend kontakbesonderhede) selektief openbaar te maak ingevolge die 2014 OIS Regulasies en die Nasionale Appèlregulasies. Data sal slegs gebruik word vir die doel om relevante inligting te verskaf en terugvoer te verkry oor hierdie prosesse. Rambuda Consultants onderneem om data te verwerk ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013.


Rambuda Consultants (Pty) Ltd

Mnr Kabedi Mashilo (Geregistreerde Omgewings Assesserings Praktisyn)

Tel: 079 493 8972

E-pos: marumo@rambudaconsultants.co.za

DATUM: 03 NOVEMBER 2025



DATE:03 NOVEMBER 2025